Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

Wes-Kaapse Regering
Onderwys

Direktoraat: Kurrikulum VOO

# TELEMATIESE ONDERRIG 2016

ÉcoleBooks

# GESKIEDENIS

## Graad 12

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



## GESKIEDENIS ROOSTER – GRAAD 12

| DAG | DATUM | TYD | ONDERWERP |
|---|---|---|---|
| Donderdag | 4 Februarie | 16:00 – 17:00 | Die Koue Oorlog /<br>Onafhanklike Afrika |
| | | | |
| Donderdag | 18 Februarie | 16:00 – 17:00 | Burgerlike samelewingsprotes 1950's tot 1990's /<br>Burgerlike samelewingsprotes 1970's tot 1980's in Suid-Afrika |
| | | | |
| Donderdag | 7 April | 16:00 – 17:00 | Onderwerp 5 en 6<br>Die koms van demokrasie in Suid-Afrika en om tot 'n vergelyk te kom met die verlede / Die einde van die Koue Oorlog en 'n nuwe wêreldorde 1989 tot tans |
| | | | |
| Donderdag | 19 Mei | 16:00 – 17:00 | Voorbereiding vir Eksamen |
| | | | |
| Donderdag | 16 August | 16:00 – 17:00 | Voorbereiding vir Eksamen |



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



## ASSESSERING IN GRAAD 12

Altesaam word daar van kandidate verwag om DRIE vrae te beantwoord wat soos volg is: EEN (1) brongebaseerde vraag en EEN (1) opstelvraag. Die derde vraag kan of 'n brongebaseerde of 'n opstelvraag wees. Opstel- en brongebaseerde vrae tel 50 punte elk.

Die totaal vir elke vraestel is 150.

Die voorgeskrewe onderwerpe sal soos volg geassesseer word:

| **VRAESTEL 1** | |
|---|---|
| **AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**<br>**(EEN vraag per onderwerp sal opgestel word)** | **AFDELING B: OPSTELVRAE**<br>**(EEN vraag per onderwerp sal opgestel word)** |
| 1. **Die Koue Oorlog**:<br>Vraagfokus: Die oorsprong van die Koue Oorlog<br>• USSR en VSA en die vorming van belangesfere<br>• Wie moet die blaam dra vir die Koue Oorlog? | 1. **Uitbreiding van die Koue Oorlog**:<br>Vraagfokus:<br>Gevallestudie: Viëtnam (2014–2016) |
| 2. **Onafhanklike Afrika**<br>Vraagfokus: Afrika gedurende die Koue Oorlog:<br>Gevallestudie: Angola | 2. **Onafhanklike Afrika**<br>Vraagfokus : Vergelykende gevallestudies van die Kongo en Tanzanië Suksesse en uitdagings<br>• Politieke en Ekonomiese |
| **Burgerlike samelewingsprotes 1950's tot 1970's**<br>Vraagfokus: Die VSA Burgerregtebeweging | **Burgerlike samelewingsprotes 1950's tot 1970's**<br>Vraagfokus: Swartmagbeweging |
| **VRAESTEL 2** | |
| **AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**<br>**(EEN vraag per onderwerp sal opgestel word)** | **AFDELING B: OPSTELVRAE**<br>**(EEN vraag per onderwerp sal opgestel word)** |
| 1. **Burgerlike protes in Suid-Afrika: 1970's en 1980's**<br>Vraagfokus: Swart Bewussyn daag die apartheidstaat uit | 1. **Burgerlike Samelewingsprotes in Suid-Afrika 1970's en 1980's**<br>Vraagfokus: Die krisis van apartheid in die 1980's<br>• Regeringspoging om apartheid te hervorm<br>• Interne weerstand |
| 2. **Die koms van demokrasie na Suid-Afrika en die aanvaarding van die verlede**<br>Vraagfokus: Die WVK | 2. **Die koms van demokrasie na Suid-Afrika en die aanvaarding van die verlede**<br>Vraagfokus: Die onderhandelde ooreenkoms en die RNE |
| 3. **Die einde van die Koue Oorlog en 'n nuwe wêreldorde 1989 tot die hede**<br>Vraagfokus: 'n Nuwe wêreldorde<br>• Wat is globalisasie?<br>• Magsbalans en impak op Afrika: Noord-Suid en Suid-Suid-betrekkinge<br>• Dominansie van globale kapitalisme<br>• Opkomende ekonomieë en verskillende vorme van kapitalisme: BRICS | 3. **Die einde van die Koue Oorlog en 'n nuwe wêreldorde**<br>Vraagfokus: Die einde van die Koue Oorlog: Die gebeure van 1989 (2014–2016)<br>• Gorbachev se hervormings in die Sowjetunie<br>• 'n Keerpunt in Suid-Afrika |

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



<table>
<tr><th colspan="4">ONDERWERP 1 - Tydlyn van gebeure in die Viëtnam-oorlog 1964-1973</th></tr>
<tr><th>DATUM</th><th>VSA se betrokkenheid in Viëtnam</th><th>Noord-Viëtnamese (Vietminh) en Nasionale Vryheidsfront (NLF) (‘Viëtkong’)</th><th>Groei van anti-oorlogbeweging in die VSA</th></tr>
<tr><td>1964</td><td>Golf van Tonkin-voorval. VSA het beweer dat Noord-Viëtnam ’n VSA-skip aangeval het. President Johnson het dit gebruik om die Amerikaanse Kongres te oorreed om meer betrokke in Viëtnam te raak.<br>85% van VSA-burgers het die regering se beleid in die oorlog ondersteun.</td><td colspan="2">Twee elite bataljonne van Suid-Viëtnamese troepe is in guerrilla-aanvalle deur die NLF (Viëtkong) verslaan.</td></tr>
<tr><td>1965</td><td>3 500 VSA-vegtroepe het in Viëtnam aangekom. 200 000 VSA-soldate was teen die einde van die jaar in Viëtnam ‘Operation Rolling Thunder’ van stapel gestuur.</td><td colspan="2">Daar was 170 000 Viëtkong-vegters.</td></tr>
<tr><td>1966</td><td>VSA het begin om die tegniek van 'soek en vernietig' te gebruik. Amerikaanse troepe het met helikopters dorpies verwoes wat na hulle mening Viëtkong ondersteun het.</td><td>Noord-Viëtnam / Viëtkong het tussen 1965 en 1968 ongeveer $2 miljard se militêre hulp van China en die USSR ontvang. Dit het 8 000 lugafweer-gewere ingesluit.</td><td>Beide die nie-gewelddadige koördinerende studentekomitee (SNCC) en Black Panther Party was teen die Viëtnam-oorlog gekant. Swaargewigbokskampioen Muhammad Ali is tot 5 jaar gevangenskap gevonnis omdat hy geweier het om in Viëtnam te veg.</td></tr>
<tr><td>1967</td><td>500 000 Amerikaanse troepe was in Viëtnam.</td><td colspan="2">75 000 het in Washington DC teen die Viëtnam-oorlog betoog.<br>Martin Luther King het by die anti-oorlogbeweging aangesluit.</td></tr>
<tr><td>1968</td><td>Operation Phoenix is deur die Sentrale Intelligensie-agentskap (CIA) ingestel. Die doel was om Viëtkong-verdagtes te</td><td>Tet-offensief: Verrassingsaanval op Suid-Viëtnamese stede deur Viëtkong en Noord-Viëtnamese magte. Dit was</td><td>Tet-offensief Amerikaners het dit op TV gesien en was geskok dat die VSA onkant</td></tr>
</table>



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



| | | | |
|---|---|---|---|
| | identifiseer en arresteer. 28 000 Viëtnamese is gearresteer en baie is gemartel. | uiteindelik ’n militêre verlies vir die Kommuniste. | betrap is. CBS-nuusleser, Walter Cronkite, is bekend vir sy opmerking, “Ons is te dikwels deur die optimisme van die Amerikaanse leiers, beide in Viëtnam en Washington, teleurgestel ... [Ons] is vasgeval in ’n dooiepunt wat slegs deur onderhandeling beëindig kan word en nie deur oorwinning nie.” |
| **1968** | **My Lai-slagting** Amerikaanse troepe het 300-500 Viëtnamese, meestal vroue en kinders, aangeval en vermoor. | Die Viëtkong het hoofsaaklik guerrillataktiek gebruik:<br>- Hulle het klopjagte op die VSA-kampe uitgevoer<br>- Hulle het verrassingsaanvalle op die VSA-troepe gebruik<br>- Hulle het strikke vir die VSA-troepe gestel<br>- Hulle het nie uniforms gedra nie en dit was dus baie moeilik vir die VSA-soldate om te weet wie ’n boer en wie ’n Viëtkong-soldaat | 60% van Amerikaners het Johnson se hantering van die oorlog afgekeur. Johnson besluit om nie vir herverkiesing as Amerikaanse president te staan nie. |
| **1968** | | Jan-Junie: 221 kollegebetogings teen die Viëtnam-oorlog. | |
| **1968** | | **Demokratiese Nasionale Konvensie**: 10,000 anti-oorlog-betogers bots met polisiemanne en Nasionale Garde-offisiere. Die geweld word op televisie uitgebeeld. | |
| **1969** | 36 000 Amerikaanse militêre personeel het teen 1969 in die oorlog gesterf. | **My Lai-slagting word in die media blootgestel:** Amerikaners hoor die eerste keer van die My Lai-slagting (wat in Maart | |

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



**ONDERWERP 1**

**VRAAG 4: DIE UITBREIDING VAN DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE – VIËTNAM**

Ten spyte van die ontplooiing van troepe (soldate), wapens en ammunisie het die Verenigde State van Amerika nie daarin geslaag om die verspreiding van kommunisme in Viëtnam te voorkom nie.

Bespreek krities die geldigheid van hierdie stelling met verwysing na die betrokkenheid van die Verenigde State van Amerika by die Viëtnam-oorlog tussen 1965 en 1975. [50]

[Beplan en stel 'n oorspronklike argument saam gebaseer op relevante bewyse met gebruik van analitiese en interpretasievaardighede]

SAMEVATTING

Wanneer kandidate hierdie opstel skryf, moet hulle 'n argumentslyn inneem en krities bespreek waarom die VSA, ten spyte van die belegging van groot bedrae geld, wapens en ammunisie, tussen 1965 en 1975 nie in staat was om die kommunistiese magte van Noord-Viëtnam en die Viëtkong te verslaan nie.

HOOFASPEKTE

Kandidate moet die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit:
- Inleiding: Kandidate moet die vraag in konteks plaas en 'n duidelike argumentslyn daarstel.

UITBREIDING

- Die VSA was toegewyd om die verspreiding van kommunisme te stuit (beleid van stuiting/in bedwang hou)
- In 1965 het die VSA grondtroepe na Viëtnam gestuur – teen 1967 het daar 500 000 Amerikaanse soldate in Viëtnam diens gedoen – hulle is teen 1973 onttrek.
- Die Amerikaanse taktiek van massabombardering met duur wapentuig was grootliks ondoeltreffend in die oerwoudgebied en teen die Noord-Viëtnamese weermag en Viëtkong-guerrillasoldate wat van voorneme was om Viëtnam as 'n kommunistiese land te verenig
  - Die VSA het 'Operasie Rolling Thunder' bekendgestel (Februarie 1965: Johnson).
  - Die VSA was betrokke by wydverspreide bomaanvalle op militêre en industriële teikens in Noord-Viëtnam en dit is uitgebrei om stede in Noord- en Suid-Viëtnam in te sluit. Die bombarderingsveldtog was veronderstel om die Noord-Viëtnamese binne agt weke te verslaan, maar het vir meer as drie jaar aangehou. Baie hoë koste (onsuksesvol)
  - 'Operasie Ranch Hand' (1967: Johnson) het die omgewing vernietig, maar nie die Ho Chi Minh-pad waarlangs die Viëtkong-magte in Suid-Viëtnam bevoorraad is nie
  - Operasie Linebacker (1972: Nixon) wydverspreide bombardering van Kambodja en Viëtnam teen enorme koste, maar nie daarin geslaag om die oorlog te beëindig nie
  - Nixon het voor groeiende teenstand van die anti-oorlogsbeweging in Amerika gestaan
  - Amerikaanse soek-en-vernietig-sendings het dikwels geëindig met burgerlike ongevalle wat die teenstand teen die VSA in Suid-Viëtnam vergroot het
- Die kommunistiese magte van Noord-Viëtnam en hulle ondersteuners in Suid- Viëtnam het 'n baie suksesvolle guerrillaveldtog teen die Amerikaanse weermag aangevoer
  - - Hinderlae, fopmyne, tref-en-trap-taktiek doeltreffend gebruik
  - - 'n Netwerk van ondergrondse tonnels om deur die oerwoud te beweeg, ontwikkel
- Die VSA het nie daarin geslaag om die harte en siele van die Viëtnamese te wen nie – baie Viëtnamese het die kommunistiese magte as bevryders en nasionaliste beskou
- In 1975 het Noord-Viëtnamese troepe die Suid-Viëtnamese hoofstad, Saigon, Ingeneem
  - Die land is onder kommunistiese regering verenig. Die VSA het nie daarin geslaag om die verspreiding van kommunisme te voorkom nie
- Die rol van die media en die anti-oorlogsbeweging in die Verenigde State van Amerika
- Enige ander relevante antwoord
- Slot: Kandidate moet hulle argumente met 'n relevante slot saamvat. [50]



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



# ONDERWERP 2

## VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: VERGELYKENDE GEVALLESTUDIE – DIE KONGO EN TANZANIË

Nóg die Kongo nóg Tanzanië was suksesvol om na onafhanklikheid in die 1960's hulle ekonomieë tot volle sterkte te ontwikkel.

Stem jy met hierdie stelling saam? Motiveer jou antwoord deur relevante bewyse te gebruik. [50]

[Beplan en stel 'n oorspronklike argument saam gebaseer op relevante bewyse met gebruik van analitiese en interpretasievaardighede]

SAMEVATTING

Wanneer kandidate hierdie opstel skryf, moet hulle 'n argumentslyn inneem oor of die Kongo en Tanzanië na onafhanklikheid in die 1960's suksesvol was om hulle ekonomieë ten volle te ontwikkel. Kandidate moet inligting uit die onderskeie gevallestudies gebruik om hulle argumentslyn te ondersteun.

HOOFASPEKTE

Kandidate moet die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit:

- Inleiding: Kandidate moet aandui of die beleid in die Kongo en Tanzanië na die verkryging van onafhanklikheid suksesvol was om hulle ekonomieë ten volle te ontwikkel. Kandidate moet hulle argumentslyn daarstel.

EcoleBooks

UITBREIDING

**KONGO:**
(Kandidate moet standpunt inneem oor of die volgende beleid na onafhanklikheid daarin geslaag het om die ekonomie te verbeter.)

**Suksesse**
- Beduidende gedeelte van Zaïreniseerde ondernemings aan oorspronklike eienaars teruggegee (retrosessie)
- Mobutu Sese Seko hou Zaïre ekonomies aan die gang deur hulp van Westerse moondhede
- Beleid het 'n klein elitegroep bevoordeel (hoofsaaklik Mobutu se familie en vriende)
- Enige ander relevante antwoord

**Mislukkings**
- Zaïrenasie het die oorneem van landbougrond, nywerhede, kommersieel en mynbouondernemings by buitelandse eienaars behels
- Buitelanders in belangrike posisies is met Kongolese burgers vervang – gebrek aan vaardighede en kapasiteit lei tot verwaarlosing en gebrek aan onderhoud van infrastruktuur
- Korrupsie/Wanbestuur
- Een-produk-ekonomie voortgesit
- Skep van nuwe elite – klasdifferensiasie
- Kleptokrasie
- Enige ander relevante antwoord

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



**TANZANIË:**

(Kandidate moet standpunt inneem oor of die volgende beleid na onafhanklikheid daarin geslaag het om die ekonomie te verbeter.)

**Suksesse**

- Nyerere het 'n stelsel ingestel, ujamaa, waar mense in nuwe dorpe hervestig is.
- Die samelewing in Tanzanië was stabiel en vry van ekonomiese ongelykhede (sosialisme)
- Nyerere het die landelike ekonomie ontwikkel
- Koffieuitvoere het toegeneem/gestyg
- Nuwe tekstielmeulens is gevestig
- Kollektiewe arbeid is ingestel
- Dienslewering in die vorm van gesondheid en onderwys was meer toeganklik
- Dit het tot die hoogste geletterheidsvlakke op die kontinent gelei
- Enige ander relevante antwoord

**Mislukkings**

- Ongeskoolde ujamaa-bestuurders het 'n gebrek aan vaardighede gehad
- 'n Tekort aan hulpbronne, bv. dorpies was ver van waterbronne
- Daar was teenstand teen die hervestiging van mense in nuwe dorpe/Geforseerde hervestiging deur polisie en militêre magte – mense wat dit teengestaan het, het nie kos ontvang nie en hulle huise is afgebrand
- Die ekonomie het ophou groei want landbougrond is vernietig of agtergelaat
- Die plaasgemeenskap is geforseer om oeste teen baie lae pryse te verkoop
- Tanzaniërs se afhanklikheid van buitelandse hulp het voortgegaan/Selfonderhoud is nie bereik nie
- Tanzanië het een van die armste en mins ontwikkelde lande in Afrika gebly
- Enige ander relevante antwoord
- Slot: Kandidate moet hulle argumente met 'n relevante slot saamvat. [50]



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



**GEVALLE STUDIE: LITTLE ROCK TYDLYN**

| DATUM | GEBEURTENIS |
|---|---|
| Mei 24, 1955 | Die Little Rock Skool Beheerraad neem die Blossom Plan van geleidelike intergrasie aan, wat begin met hoërskool (begin in September 1957) en die laer grade wat volg in die daaropvolgende ses jaar. |
| Februarie 8, 1956 | Federale Regter John E. Miller verwerp die NAACP regsgeding (Aaron v. Cooper), verklaar dat die Little Rock Skool Raad "te goede trou" opgetree het om 'n plan van geleidelike intergrasie op te stel.<br>In April, handhaaf die Eighth Circuit Appel Hof Regter Miller se beslissing. Die federale distrik hof behou regspraak oor die saak, maar, maak die Skool Raad se implimentering van die Blossom Plan 'n mandaad van die hof. |
| Augustus 27, 1957 | Die eerste publieke vergadering van die segregasie van die Mother's League Central High School vind plaas.<br>Hulle dien 'n mosie in om 'n tydelike interdik teen die skool se intergrasie te verkry.<br>Twee dae later staan Pulaski Chancellor Murray Reed 'n interdik toe op grond dat intergrasie tot geweld kan lei.<br>Federale Regter Ronald Davies verklaar die interdik ongeldig en beveel die Skool Raad om met die desegregasie plan voort te gaan. |
| September 2, 1957 – (Arbeiders Dag) | Goewerneur Orval Faubus beveel die Arkansas Nasionale Wag om die swart Amerikaanse studente te verhinder om Central High School binne te gaan. Hy kondig sy planne aan in 'n televisie toespraak. |
| September 3, 1957 | Die Moeders Bond (Mother's League) hou 'n "sonopkoms diens" by Central High. Dit word bygewoon deur die lede van die Burgerlike Raad, ouers en studente. |
| September 20, 1957 | Federale Regter Ronald Davies bepaal dat Faubus nie die troepe gebruik het om wet en order te handhaaf nie en beveel hulle om pad te gee.<br>Faubus verwyder die Nasionale Wag en die Little Rock Polisie beweeg in. |
| September 23, 1957 | 'n Omgekrapte skare van meer as 1,000 blankes vergader voor die Central High School, terwyl nege Afro Amerikaanse studente binnegelei word.<br>Die Little Rock polisie verwyder die nege kinders vir hul eie veiligheid. President Eisenhower verwys na die oproer as 'n "skande" en ontbied die federale troepe na Little Rock. |
| September 24, 1957 | 1200 lede van die 101st Airborne Afdeling, die "Screaming Eagles" van Fort Campbell, Kentucky, kom aan in Little Rock.<br>Die Arkansas Nasionale Garde word onder federale bevel geplaas. |

ÉcoleBooks

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



**VRAAG 3: WATTER UITWERKING HET DIE DESEGREGASIE VAN CENTRAL HIGH SCHOOL IN DIE 1950's OP RASSEVERHOUDINGE IN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA GEHAD?**

| | |
|---|---|
| September 25, 1957 | Onder die troepe se begeleiding, word die "Little Rock Nine" terug na Central High School begelei vir hul eerste volle dag van klas. |

**BRON 3C**

Die toespraak hieronder is op 24 September 1957 deur President Dwight Eisenhower aan Amerikaanse burgers gelewer. Dit beskryf in hooftrekke die situasie wat vroeër die dag by die Central High School in Little Rock plaasgevind het.

<u>DIE WITHUIS</u>

TEKS VAN DIE PRESIDENT VAN AMERIKA SE TOESPRAAK WAT OP DINSDAG 24 SEPTEMBER 1957 OM 21:00 UIT SY KANTOOR IN DIE WITHUIS GELEWER IS.

My landgenote:

Ek wil vir 'n paar minute met julle praat oor die ernstige situasie wat in Little Rock ontstaan het. Vir hierdie gesprek het ek na die President se kantoor in die Withuis gekom. Ek kon vanaf Rhode Island gepraat het, maar ek het gevoel dat om vanuit die huis van Lincoln, Jackson en Wilson te praat, my woorde my hartseer oor die gedwonge ingryping vandag, asook my vasberadenheid om hierdie gedragsweg te volg totdat die bevele van die federale hof in Little Rock sonder onwettige inmenging uitgevoer kan word, duideliker sou oordra.

In daardie stad, onder die leierskap van demagogiese (verkrampte) ekstremiste, het oproerige skares doelbewus die uitvoer van 'n federale hof se regverdige bevele voorkom. Plaaslike owerhede het nie daardie gewelddadige teenstand uitgewis nie en, volgens wet, het ek gister 'n proklamasie uitgevaardig waarin 'n beroep op die skare gedoen is om uitmekaar te gaan.

Vanoggend het die skare weer voor die Central High School in Little Rock bymekaar gekom, natuurlik met die doel om weer die uitvoering van die hofbevel oor die toelating van swart Amerikaanse kinders by die skool te voorkom.

Wanneer gewone agentskappe die taak ontoereikend uitvoer en dit vir die uitvoerende tak van die federale regering nodig word om sy mag en gesag te gebruik om federale howe te bekragtig, is die President se verantwoordelikheid onvermydelik.

In ooreenstemming met daardie verantwoordelikheid het ek vandag 'n uitvoerende bevel uitgevaardig wat die gebruik van troepe onder federale gesag gelas om die uitvoer van federale wetgewing in Little Rock, Arkansas, te ondersteun. Dit het nodig geword toe my proklamasie van gister nie nagekom is nie en die dwarsboming van die gereg steeds voortgaan.

[Uit http://www.eisenhower.archives.gov/research/online_documents/civil_rights_little_rock.html. Toegang op 17 September 2014 verkry.]



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



**3.3 Gebruik Bron 3C.**

3.3.1 Wat het President Eisenhower gemotiveer om op 24 September 1957 sy toespraak vanuit die Withuis te lewer? (2 x 1) (2)

3.3.2 Verduidelik waarom plaaslike owerhede nie in staat was om die gewelddadige teenstand wat in 1957 in Little Rock plaasgevind het, uit te skakel nie. (2 x 2) (4)

3.3.3 President Eisenhower het 'n uitvoerende bevel uitgevaardig vir troepe om federale wetgewing in Little Rock af te dwing. Gee TWEE redes, in die bron genoem, vir hierdie besluit. (2 x 1) (2)

3.3.4 Verduidelik waarom 'n geskiedkundige die inligting in hierdie bron as bruikbaar sal beskou wanneer die federale regering se betrokkenheid by Central High School nagevors word. (2 x 2) (4)

**VRAAG 6:**
**BURGERLIKE PROTES VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: SWARTMAGBEWEGING**
Verduidelik tot watter mate die Black Panther-party in die 1960's die filosofie van Swart Mag suksesvol in die Verenigde State van Amerika bevorder het.

Gebruik relevante bewyse om jou antwoord te ondersteun. [50]

[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede.]

SINOPSIS
Met die skryf van hierdie opstel moet kandidate die rol wat deur Malcolm X and Stokely Carmichael gespeel is in die bekendmaking van die idees en aksies van die Swartmagbeweging, evalueer.

HOOFASPEKTE
Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoorde insluit:
Inleiding: Kandidate moet die bewering evalueer en dan die idees en aksies van die Swartmagbeweging toelig en die rol wat gespeel is deur Malcolm X en Stokely Carmichael in die bekendmaking van die Swartmagbeweging.

UITBREIDING
- Malcolm X neem 'n benadering van selfverdediging aan (verwerp die geweldlose benadering van die Burgerregtebeweging)
- Boesem 'n gevoel van swart trots in (noen hulself swart Amerikaners, trots in Afrika erfenis en geskiedenis, musiek, kleredrag en haarstyle)
- Selfverdediging en programme help om die swart Amerikaanse Gemeenskappe op te hef (Swart Panthers) vanaf 1966 versprei regdeur die VSA.

**Malcolm X**
- Malcolm X is 'n voorstander van Swartmag – om te baklei vir gelykheid vir swart Amerikaners
- Verkry ondersteuning van jong stedelike swart Amerikaners om aan te sluit/ welsprekendheid en charisma trek meer lede (van 500 in 1952 tot 30 000 in 1963)
- Filosofie van die Swartmagbeweging – 'Swart trots' om selfwaarde vir swart Amerikaners te bevorder

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



- In 'n 1964 toespraak ('ballot or bullet' [stembriefie of koeël]) in Detroit het Malcolm X die gebruik van selfverdediging bepleit (diskrediteer die geweldloosheid van die Burgerregtebeweging)
- 'n Militante revolusionêr – om terug te baklei uit selfverdediging (aangeneem deur die Swart Panther)
- Baklei vir maatskaplike dienste – gesondheidsdienste, het internasionale werkersklas eenheid bewerkstellig

**Stokely Carmichael**

- In antwoord op die aanval op James Meredith in 1966 en herhaaldelike arrestasie deur die polisie het Carmichael besluit om Martin Luther King Jnr. se Burgerregtebeweging te verlaat.
- SNCC (Student Non-violent Coordinating Committee) het by die Swartmagbeweging aangesluit.
- Het die slagspreuk 'Black Power' [Swartmag) in 1966 aanvaar
- Pleit by swart Amerikaners om trots te wees daarop om swart te wees (deur kleredrag, haarstyle/erfenis)
- Sluit aan by die Swart Panthers Party en bevorder swartmag
- Inspireer swart Amerikaners deur sy geskrifte
- Slot: Kandidate moet hul argument saamvat met 'n relevante slot [50]

ÉcoleBooks



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



**VRAAG 1:**
**HOE HET DIE IDEOLOGIE VAN SWART BEWUSSYN DIE STUDENTE VAN SOWETO BEÏNVLOED OM DIE APARTHEIDSREGERING IN DIE 1970's UIT TE DAAG?**

**BRON 1B**

Die volgende bron bestaan uit 'n geskrewe bron en 'n visuele bron.

**1. <u>Geskrewe Bron:</u> Die bron kyk na die rede vir die instel van Afrikaans en beskryf hoe leerders gereageer het.**

Die afdwing (om te forseer) van Afrikaans as die medium van onderrig het op 'n polities onstabiele tyd plaasgevind, omdat die 'swaartepunt' van swart studentepolitiek dramaties in die middel-1970's verskuif het. Die opkomende Swartbewussyn-filosofie was besig om die manier waarop jong swart mense gedink het, te verander en dit het hulle selfbeeld 'n hupstoot gegee.

Die instel van Afrikaans het hierdie verandering gedwarsboom. Volgens Biko het die gesukkel om 'n vreemde taal in skole baas te raak 'n 'minderwaardigheidskompleks' veroorsaak. Hy het bygevoeg dat die taalprobleem 'by baie swart studente 'n gevoel van onbevoegdheid (gebrek) ingeprent (geleer) het. 'n Mens is geneig om te dink dat dit nie net 'n kwessie van taal is nie. 'n Mens is geneig om dit met intelligensie te verbind'.

Vir hierdie geslag swart studente was Afrikaans die taal van die polisie en hulle werkgewers, en 'n instrument om bevele te gee. Hulle het geglo dat die afdwing van Afrikaans ontwerp was om hulle vir knegskap (slawerny) op te lei. Afrikaans was ook, soos een student dit gestel het, 'n 'vreeslike akademiese pyn'. 'Die kinders het in hul duisende eksamens gedruip,' het 'n swart joernalis onthou. Dit het gebeur omdat Wiskunde, Wetenskap en ander vakke vir baie jare in Engels onderrig is. Die skielike verskuiwing na Afrikaans het veroorsaak dat die studente gesukkel het om die jargon (moeilike terme) en tegniese terme te verstaan.

Volgens Mono Badela, 'n Suid-Afrikaanse joernalis wat vervolg (sleg behandel) is omdat hy teen apartheid geveg het, '... het die studente Afrikaans as 'n middel van onderdrukking beskou ... wat hulle verhoed het om akademies te vorder (vorentoe te beweeg).' Dit was as gevolg van hierdie probleme dat studenteleiers in Soweto aan die einde van Mei 1976 in die geheim van skool tot skool gereis het om medestudente aan te moedig om teen Afrikaans in opstand te kom. Studentegriewe (-klagtes) teen die gebruik van 'n onbekende taal het uiteindelik tot die Soweto-onluste van 16 Junie 1976 gelei.

[Uit *Black Consciousness and 16 June – The Birth of a New Generation – South African History Online.* Toegang verkry op 24 September 2014.]

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



**2. Visuele Bron: Die foto toon studente van Soweto wat in 1976 aan versetaksie teen die instel van Afrikaans deelneem.**




[Uit http://consciousness.co.za/wp-content/uploads/2014/06/afrikaans-must-be-abolished.jpg. Toegang verkry op 24 September 2014.]

**AFRIKAANS MUST BE ABOLISHED**

**---**

**AFRIKAANS MOET AFGESKAF WORD**



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



**Vrae**

1.2 Lees Bron 1B.

1.2.1 Noem TWEE maniere, soos in die bron voorgestel, waarop die filosofie van Swart Bewussyn die lewens van swart Suid-Afrikaners beïnvloed het. (Geskrewe bron) (2 x 1)(2)

1.2.2 Wat was Biko se siening oor die instel van Afrikaans as 'n onderrigtaal in swart Suid-Afrikaanse skole? (Geskrewe bron) (1 x 2)(2)

1.2.3 Waarom, volgens 'n student, is Afrikaans as 'n 'vreeslike akademiese pyn' beskou? (Geskrewe bron) (1 x 2)(2)

1.2.4 Lewer kommentaar oor of jy met Mono Badela se stelling dat 'studente Afrikaans as 'n middel van onderdrukking beskou' het, saamstem. (Geskrewe bron) (2 x 2)(4)

1.2.5 Waarom het die studente van Soweto met protesaksie begin? (Visuele bron) (1 x 2)(2)

1.2.6 Verduidelik hoe die bewyse in die geskrewe bron die visuele bron ondersteun rakende die reaksie van swart Suid-Afrikaanse studente op die instel van Afrikaans as 'n onderrigmedium. (2 x 2)(4)

| **VRAESTEL 2 - ONDERWERP 4**<br>**BRONGEBASEERDE VRAAG** | **OPSTELVRAAG** |
|---|---|
| **VRAESTEL 2 – VRAAG 1** | **VRAESTEL 2 VRAAG 4** |
| **BURGERLIKE WEERSTAND 1970s TOT 1980s: SUID AFRIKA** | **BURGERLIKE WEERSTAND, 1970s TOT 1980s: SUID AFRIKA** |
| **FOKUS**: DIE UITDAGING VAN SWARTBEWUSSYN VIR DIE APARTHEIDSTAAT | **FOKUS:** DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980s<br>- Regering se poging om apartheid te hervorm<br>- Interne weerstand |

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



**VRAAG 4:**

**BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA**

PW Botha se poging om die apartheidstelsel te hervorm was 'n droewige mislukking.

Assesseer die geldigheid van hierdie stelling in die konteks van verskerpte interne weerstand teen Botha se regime in die 1980's. [50]

[Beplan, konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede]

SINOPSIS

Kandidate moet krities die stelling evalueer. Deur met die stelling saam te stem moet kandidate verduidelik waarom PW Botha se poging om die stelsel van apartheid te hervorm 'n totale mislukking was. Hulle moet hul antwoord met relevante voorbeelde staaf.

HOOFASPEKTE

Kandidate moet die volgende aspekte in hul antwoord insluit:

- Inleiding: Kandidate moet hul gedagterigting met verwysing na die stelling aandui.

UITBREIDING

- PW Botha se beleid van Totale Strategie/Totale Aanslag
- Hervormingsmaatreëls (1983 Grondwet, Drie Kamer Parlement 1984, 'Koornhof Wette')
- Massa optogte in swart Suid-Afrikaanse townships tussen 1984 en 1985 (Bv. Weg bly aksies georganiseer deur Vaal Civic Association, Verbruikers boikotte georganiseer deur Pebco in die Oos-Kaap)
- Protes optogte (bv. Langa township in die Oos-Kaap)
- Skool boikotte onder leiding hoofsaaklik deur COSAS-1983 en 1985 (Atteridgeville, Tembisa, Alexandra, Soweto, Wes-Kaap en Natal)
- Gemeenskappe begin met huur boikotte bv. Vaal Driehoek en Soweto in 1984
- Stigting en impak van COSATU in die werkers stryd
- COSATU begin met wegbly aksies, boikot, protes en stakings
- Wegbly Veldtog op Mei Dag 1986 (bv. NUM staking 1987)
- Verklaring van die noodtoestand - 1985 tot 1986 deur PW Botha
- Rol van die United Democratic Front (UDF)
- Verskyning van die Mass Democratic Movement in 1989 (Verset veldtog optogte) teen segregasie wette in groot stede bv. Kaapstad, Durban en Johannesburg.
- Die rol van Black Sash byvoorbeeld in burgerlike protes en bystand vir slagoffers van apartheid
- Teen die einde van die 1980's het duisende Suid-Afrikaners hul lewens verloor in hul stryd vir Vryheid (bv. dood in aanhouding, swart op swart geweld en vigilantisme)
- Stadig aan het die Suid-Afrikaanse regering besef dat verandering nodig was
- Apartheid was by 'n kruispad – land onregeerbaar
- Enige ander relevante antwoord

Slot: Kandidate moet hul argument saamvat met 'n relevante samevatting.[50]



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



**TOT WATTER MATE STEM JY SAAM MET 'N STELLING?**

<table>
<tr><td colspan="2">Kwessie/onderwerp</td></tr>
<tr><td colspan="2">Stelling/sleutelvraag</td></tr>
<tr><td>Bewyse om stelling te staaf</td><td>Bewyse teen die stelling</td></tr>
<tr><td colspan="2">Gebruik die bewyse hierbo om 'n paragraaf te skryf: Tot watter mate stem jy saam met 'n stelling?<br><br>Ek stem tot 'n sekere/ groot/ geringe/ gedeeltelike mate saam met die stelling, omdat<br><br>Die stelling</td></tr>
</table>

ÉcoleBooks

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



| | VLAK 7 | VLAK 6 | VLAK 5 | VLAK 4 | VLAK 3 | VLAK 2 | VLAK 1 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
